Pretoria- 16 Januarie 2011

Skriflesing: Esegiël 19: 1 – 14
Teks: **Esegiël 19:1-2**
Sing- Ps. 34:1,5; Ps. 143:1,2; Ps. 127:1,3; Ps. 137:1,4,9(*Melodie Ps 20)*

In die voorafgaande hoofstuk moet u onthou, broeder en suster, het die Here gewys op ons gemeenskaplike aanspreeklikheid en elkeen se persoonlike verantwoordelikheid. Mense moet nie kom en al die kwaad wat daar oor ons kom die voorgeslagte wil blameer nie. *Die vaders het groen druiwe geëet en die tande van die kinders het stomp geword...* (Vgl. Eseg.:18:2). Hierdie spreekwoord was in Israel baie gewild. Jeremia is hierdeur getref as hy as deel van die agtergeblewe ballinge in Jerusalem die volk hierdie spreekwoord hoor gebruik (Vgl. Jer.31:29), maar ook Esegiël daar in Babel, vêr weg van sy land hoor hy die weggevoerde ballinge presies dieselfde spreekwoord nog gebruik.

***

Esegiël het in ons vorige hoofstukke, vanaf hfst. 12-18, op baie maniere en op verskillende tye vir Israel moes wys hoe hulleself hulle eie ellende veroorsaak het. Dit is nie die vaders se skuld nie....! Hulle wat so lief is vir hulle eie slimmighede en allerhande spreekwoorde van - die Here weet nie, die Here verstaan nie, hulle... (wat u sal onthou), vir hulleself klipmure bou maar dit met los kalk aanmekaar wou pleister. Dan het ons by hfst. 16 gesien hoe Israel soos 'n besondere mooi dogter na gekyk kon word.... ons kon haar noem, die skoonheidskoningin van God, sy het soveel skoonheid, geleenthede en uitdagings gehad, al was sy die spartelende klein babatjie, wat met die nageboorte nog om haar gedraai haar sou doodwurg, daar was geen water om haar bebloede lyfie te kon was, geen sout om haar velletjie te voed nie, maar God het na haar gekom (Eseg.16:6). Hy het haar skoon en mooi gemaak, vir haar gesorg. God het haar Sy vrou gemaak, sy wat God as die Man aan haar kant, langs haar sy moes sien, maar die skoonheidskoningin word 'n baie slegte vrou, 'n hoer genoem. Dit het sy geword, die slegste onder die vroue...

Hfst. 17 het die Here deur twee raaisels die politieke werklikhede in Israel blootgelê. Ja, ons kan dit maar ook onder ons erken, die politiek van 'n land kan 'n tugroede in God se hand wees, as die Here sy kinders moet straf dan gebeur daar polities dinge wat sy kinders nie verwag het nie en ook nie voorsiening voor kon maak nie. Die arende wat in die land ingevlieg kom, waar die Here se kinders soos 'n wingerdstokkie geplant staan, met dan die vraag wat is ons plek tussen die arende van die wêreld? Elke een

moet daarna wil kyk, want soos ons reeds by herhaling nou kon hoor, die persoonlike verantwoordelikheid waarna ons moet omsien staan op baie maniere baie duidelik geskrywe.

***

Esegiël 19 is nou 'n afsluiting op hierdie deel van Esegiël wat die opskrif dra van 'n *Klaaglied.* Ná alles van hfst. 12-18 is hier nou 'n hartseer lied wat diep uit die hart kom. Spesifiek staan daar in v.1 - dit is 'n *klaaglied oor die vorste van Israel...* Nou het ons klaar gepraat van vaders se groen druiwe wat blameer word en die skone vrou wat nie haar lewe met God wou bind nie, maar geliefdes die opvallende in hfst. 19 is as daar weer 'n vrou ter sprake kom, maar hierdie vrou is 'n ma en wanneer 'n vrou 'n ma kon word, is dit in die Here se oë geen geringe saak nie. Hierdie ma van hfst. 19 is nog meer besonder, sy is die ma van die koning.

Ons het al dikwels ook na die koning daar in Israel verwys, die man wat as Sedekia bekend gestaan het. Dit is sy ma wat hier ter sprake kom. Die vrou wat met twee beelde voorgestel word. In vv.2-9 sien ons haar as 'n leeuwyfie met haar kleintjies en daarna vanaf vv.10-14 staan sy ook onder die bekende beeld van 'n wingerdstok en sy lote. Ons lees spesifiek van Sedekia se ma in 2 Kon 24:18 waar daar staan dat Sedekia se *ma was Hamutal, 'n dogter van Jeremia uit Libna...*

***

Hamutal is 'n vrou wat konings die wêreld ingebring het. Sy was met koning Josia getroud. Van Josia weet ons goeie dinge, dit is hy wat in 623vC weer die Wetboek diep onder die stof en verwaarlosing uitgehaal het. Hy het werklik weer sy eie ellende en die van sy volk uit die die Wet van die Here leer ken. So het Josia en Hamutal ouers geword van twee seuns, terwyl Josia by 'n ander vrou nl. Sebudda, dogter van Pedaja uit Ruma ook twee seuns gehad het. Hulle was Jojakim en Jojagin, maar Josia en Hamutal se seuns was Joahas en Sedekia.

Hierdie Hamutal was 'n ma wat soos 'n leeu oor haar welpies wou waak. Sy was die een wat na haar man Josia se dood wou sorg dat haar seuns die eerste aanspraakmakers op die troon moet wees. So het al twee Joahas en Sedekia hulle beurt gehad, maar dit wat ons tot nou toe van haar verneem, is sy die vrou wat in die gemoed van Esegiël kom

vassteek het. Die seuns van haar en in besonder Sedekia moet deur die mond van die profeet sy ma met hom hoor praat.

***

Soos 'n leeuin tussen die leeus het sy haar kleintjies grootgemaak. Al twee haar jong leeus sou konings word. Dit beskryf Esegiël baie duidelik. Sedekia wat eintlik deur sy ouers Mattanja genoem was, dit is maar Nebukadnesar wat hom die Sedekia-naam gegee het. Sedekia het alles wat hy ontvang het eintlik aan sy ouers te danke gehad. Die ma's in die geskiedenis van die Here se volk word nie baie keer by name genoem nie, maar die Here gee ma's daardie rol wat geen pa in alle geval eintlik kan beklee nie. Vandag is dit nog steeds iets wat ons moet besef.

Die ma's wat in hierdie beeld koninklik na hulle kinders moet kan omsien. Ouers wat moet sorg dat hulle kinders soos leeus in God se koninkryk hulle plek moet kan inneem. Is ons ouers werklik nog daartoe bereid? Daarvoor toegerus? Die vrou wat Esegiël hier voor hom sien, haar lied moet haar seun in die hart gryp, al word die seun oor wie dit in hierdie lied gaan nie eers eenkeer op die naam genoem nie.

***

Vir 'n goeie ma is die kosbaarste haar kinders. Sedekia staan hier as 'n verlore seun geteken wat sy ma nie in haar oë wil kyk nie. Sy wat vir hom soveel gedoen het, wat vir hom nog soveel wil beteken, maar hy stel nie belang nie. Die ergste staan in 2 Kon 24:15 as hierdie vrou se naam onder die naam van ballinge opgeteken moes word. Haar seun bly in Jerusalem agter, maar sy ma word deel van die gevangenis na Babel weggevoer. Het die jongman dan geen hart meer nie. As hy nie eers vir sy ma omgee nie, wat sal hy dan nog vir die ander enigiets wil doen. In hierdie lied wat ma en kind se bande besing is dit so asof Esegiël besef uit die verbond wat daar tussen ma en haar kind moet wees is daar nie dalk tog die krag om alles te verander nie. So asof hierdie iets van die die laaste kans is wat Esegiël wil aangryp dat daar tog verandering by Sedekia kan wees.

As Sedekia net wil luister, dan is daar sovele ander wat saam met hom hulle ore sal begin oopmaak. Dit verklaar dan ook reeds waarom hierdie 'n klaaglied genoem word. Al het Sedekia tot nou nie wou luister nie, sal hy dalk tog nie hoor as dit sy ma is wat met hom praat nie. Dit alles moet ons in hierdie hoofstuk as deel sien van hoe die Here

deur Esegiël werk. Al praat sovele hoofstukke voor hierdie hoofstuk uit Esegiël harde dinge, is dit asof die sagter stem, die vrouestem, die ma se stem ná alles dalk die verandering bring wat die harde dinge nie kon regkry nie?!

***

Tog is die sagter stem nie noodwendig die swakker stem nie... Inteendeel! As Esegiël met albei sy hande die snare van die mensehart moet stywer span, dan moet Sedekia se hart onder die vingers van sy ma se snarespel ingeskuif word. Meesterlik bespeel Esegiël in hierdie lied die hart van hierdie ma. Sy wat as koningin in die beeld van 'n leeuwyfie besing word. Dit pas so mooi by alles in, want die stam waaruit Sedekia kom, die konings stam is die stam van Juda, hulle was al in die woorde van Jakob die van 'n leeu. Jakob sê van Juda o.a.- J*uda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin.; wie sal hom opjaag?* (Gen. 49:9).

As Esegiël oor die leeustam praat, dan is hy histories veranker. Hy skryf nie maar net vanuit aangrypende beelde nie, maar ook is hy histories verantwoord. Sy profesie hang nêrens in die lug nie... As Esegiël in v.4 verwys na die koning *wat in 'n vangkuil gevang was, hulle het hom met hake na Egipteland gebring....* dan is dit Joahas, Sedekia se ouer broer, die koning net voor Sedekia waarvan gepraat word. 2 Kon 23:32 beskryf hoe sleg hierdie Joahas in die regering was. Soos 'n leeu moes hy die vangkuil in. Farao-Nego het hom gevange geneem, met hake is hy na Egipte gebring.

***

En vanuit hierdie historiese deel kom Esegiël by die profetiese deel. Dit wat volg is nog iets wat moet gebeur, maar Esegiël as ware profeet kan so daaroor skrywe asof dit klaar gebeur het. Dit is waartoe die ware profeet geroep word. Dit wat vv 5-9 beskryf is nie wat die volk verwag het nie. Hulle is in hulle diepste verwagtinge geskud, maar die ma is net so hard geskud. Die sonderegister van hierdie koning is nou nog langer as wat sy ouer broer s'n was. Daar is van hulle pa, Josia se hervormings niks meer oor nie! Die ma sien dit raak! Hoe sal God dit kan miskyk?

Die ma wat deur Esegiël in 'n tweë tone-leer besing word. Die leeuwyfie, maar ook 'n wingerdstok vrugbaar by die water geplant. Hierdie wingerd word uitgeruk, wanneer sy ook in die ballingskap moet gaan. As daar van haar staan dat sy vol ranke was vanweë

die baie waters sal sy nou in die bar woestyn van ballingskap moet wegkwyn. Dit is darem maar erg om te besef dat die jong leeu grootgemaak deur die leeuwyfie.... nou laat die jong leeu die leeuwyfie omkom. Die druiweloot is die oorsaak dat die druiwestok uitgeruk word. Dan eindig die profesie met die merkwaardige woorde- '*n Klaaglied is dit en 'n klaaglied het dit geword...* Hierdie eienaardige bewoording bevestig dat op die einde het dit nie anders geword nie. Dit wat dit was, het dit nog weer geword. Selfs die ma het nie verandering kon bring nie. Die laaste wat Esegiël op gehoop het, dat na Hamutal geluister sal word, maar die seun wou nie...

***

Wanneer ons vandag hierdie lied hoor, broeder en suster, hoekom huil hierdie vrou, wat het haar seun hulle aangedoen. Sedekia met sy politiek wat geglo het, dat hy net heeltyd alles moet verander, hy moet net reorganiseer, onderhandel, sluit verdrae met ander volke, maar hy vergeet dié werklike groot verdrag, die verbond wat daar met God moet wees. Reorganiseer in plaas van reformeer. Waar kan vir haar troos wees, waarmee word ek en jy vertroos as ons besef ons het ook 'n moeder? Wie God as Vader het, het die kerk as moeder. Dit weerklink al oor die eeue. En hierdie kerk waarvan ons haar as ons moeder bely, ons het selfs 'n naam dat hier hartseer bestaan. Die woord doleer in die naam Gerf kerk Pretoria DOLEREND het duidelik te doen met die toestand waarin Hamutal ook verkeer het. 'n Treurende hartseer toestand... Daar is 'n klaaglied en dit word nog weer 'n klaaglied.

***

Ons jongmense begin vandag met katkisasie vir hierdie jaar, die skole het ook die week begin. Mag ons dit nie vir mekaar wegsteek nie. Sedekia het vir sy ma nie meer kon luister nie, omdat hy na die Woord van God nie wou luister nie. Wie die Woord van God verag sal niks daarvan dink om op die hart van sy moeder te trap nie.

Watter skone liefde word daarop getrap as daar op ware moederliefde getrap word. Jesaja sien God se liefde vir ons baie keer as moederliefde. Die liefde van God die Vader, die Vaderliefde is in die gelykenis van die verlore seun liefde wat maak dat God nie sy kinders kan vergeet nie. Die Vader wat dag na dag daarna sou uitsien dat sy afgedwaalde seun tog mag terugkeer. Op Golgota was daar die ure van skrik en duisterheid waar 'n Kind vergeet is, watter klaaglied was daar van Hom, van ons Here Jesus Christus aan die kruis, toe Hy uitgeroep het dat God Hom in sy liefde verlaat het.

Die WAAROM het deur die stilte geskeur! - *Eli, eli lama sabagtani- my God, my God waarom het U my verlaat....* Wanneer ons hierdie jaar in die liefde van God mag skoolgaan, ons doen ons katkisasiewerk, daar word van ons kinders baie verwag, soos Hamutal van haar Sedekia verwag het, mag dit met ons kinders anders wees en as dit nie so in nie, mag dit anders word. Mag daar nie wees 'n klaaglied wat nog weer 'n klaaglied sal word nie.

***

Ons moet as 'n dolerende kerk nie in ons trane vasval nie! Mag die dag van vreugde en hoop ons wel anders stem dat in plaas van 'n klaaglied ons mag sing 'n lied van lof en dank en eer en aanbidding. Die klaaglied mag ons nie van die ander liedere weerhou nie, want iemand wat in die lewende Christus sy lewe gevind het, iemand wat God se moederliefde ken, daarom is daar so-iets soos die vrou van God, sy kerk, op sulke liefde mag daar nie getrap word nie. Ons sing nie die klaaglied van verlore seuns en dogters nie, maar ons mag sing die lofsang van Romeine 11:33-36 *o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!* *[34] Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?* *[35] Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?* *[36] Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid.*

Hiermee saam staan natuurlik die nog baie vroeëre lied uit Romeine wat ons ook mag sing- die oorwinningslied in Romeine 8 vv 35-39- *Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?* *[36] Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.* *[37] Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.* *[38] Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge* *[39] of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

***

Mag ons hiermee getroos as kerk van die Here, vanaf ons moeder die troos van God ons Vader ontvang. Mag dit anders wees as in hierdie klaaglied van Esegiël , ons en ons kinders se enigste troos kan niemand van ons wegneem nie. Die troos om aan Jesus Christus te behoort. AMEN